**NUUSBRIEF 03-22** *Maart 2022*

# WAT MOET IN DAARDIE SPESIALE KOEVERT WEES?

**‘N MENS WIL NIE GRAAG AAN DIE DOOD DINK NIE, VERAL NIE AAN JOU EIE NIE, MAAR ONGELUKKIG IS DIT ‘N WERKLIKHEID WAT NIEMAND VAN ONS KAN ONTDUIK NIE!**

**HIER IS ‘N PRAKTIESE GIDS WAT JY IN PLEK BEHOORT TE HÊ OM DIE OMSTANDIGHEDE VIR JOU GELIEFDES EN NAASBESTAANDES NA JOU AFSTERWE MAKLIKER TE MAAK**

1) ‘n Brief aan jou naasbestaandes waarin jy jou wense uiteensit oor jou begrafnisdiens, veral oor jou wense of jy begrawe of veras wil word

2) ‘n Afskrif van jou testament met ‘n nota van waar die oorspronklike getekende testament gehou word – sit sover as moontlik ‘n kontak telefoon nommer by van jou Eksekuteur of die instansie by wie die oorspronklike gehou word

3) ‘n Gesertifiseerde afskrif van jou ID

4) Gesertifiseerde afskrifte van al jou gesinslede, en indien moontlik, ander erfgename se ID’s.

5) Indien van toepassing, ‘n gesertifiseerde afskrif van jou vuurwapen lisensies

6) Oorspronklike of afskrif van jou huwelikssertifikaat

7) Oorspronklike of afskrif van jou huweliksvoorwaardekontrak

8) Oorspronklike of afskrif van jou egskeidingsbevel / e

9) Oorspronklike of afskrif van jou en jou kinders se geboorte sertifikate

10) Afskrifte van huur kontrakte indien jy eiendom uitverhuur

11) Afskrifte van enige leningsooreenkomste aangegaan

12) Inkomstebelasting verwysings nommer met besonderhede van die persoon wat jou persoonlike opgawes gehanteer het

13) Oorspronklike of afskrifte van al jou titelaktes op enige vaste eiendom wat in jou naam is

14) Besonderhede van alle polisse en ander versekerings verwante produkte

15) ‘n Afskrif van elke bank / beleggings rekening wat jy het sowel as van al jou kredietkaarte

16) Besonderhede van jou begrafnispolis / se

17) Besonderhede van jou langtermyn Beleggings Bestuurder en Versekerings Makelaars met hul telefoon nommers

18) Eienaarskap sertifikaat van jou voertuig / e

19) Besonderhede van versekering op jou voertuig en huisinhoud

20) Mediesefonds besonderhede

21) Doodsertifikaat van jou eggenoot indien hy / sy alreeds oorlede is

22) ‘n Lysie met die besonderhede van mense wat gekontak moet word soos bv. jou prokureur, eksekuteur, trustees, bankbestuurder, dokter, ouditeur, kinders se voogde, werkgewer en goeie vriende

23) Maak seker dat jou Prokureur en Eksekuteur die besonderhede het van jou buitelandse erfgename

**DIT IS BAIE BELANGRIK OM TE VERSEKER DAT IEMAND NA AAN DIE FAMILIE WEET WAAR HIERDIE KOEVERT/ LÊER IS, ASOOK DIE OORSPRONKLIKE DOKUMENTE, VERAL IN DIE GEVAL VAN ‘N ONGELUK WAT TOT ‘N GESINSUITWISSING KAN LEI!**

**TEEN ‘N NOMINALE JAARLIKSE FOOI KAN ONS U HELP OM DIE KOEVERT MET AL DIE BENODIGDE INLIGTING OP TE STEL EN BY TE HOU, EN DAN DAARNA JAARLIKS, OF SOOS U OMSTANDIGHEDE VERANDER, BY TE HOU.**

**SKAKEL ONS GERUS OM MEER INLIGTING EN OM UIT TE VIND HOE ONS U DAARMEE KAN HELP.**


| | |
|---|---|
| **KANTOOR :** | (011) 955-5112 |
| **WEBBLAD :** | https://www.trigonestate.co.za |
| **EPOS :** | info@trigonestate.co.za |
| | albertus@trigonestate.co.za |
| | admin@trigonestate.co.za |
| **FACEBOOK :** | https://www.facebook.com/www.trigonestate.co.za |